# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (34/14)

*Justin Chadwick (5 September2014)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Nothing diminishes anxiety and stress faster than action" Walter Anderson***

***"As a cure for anxiety, work is better than whisky "Thomas Edison***

**KENNISGEWING EN UITNODIGING OM DIE JAARLIKSE SITRUS KOöRDINERINGSVERGADERING VIR DIE UITVOER VAN SITRUSVRUGTE NA SPESIALE MARKTE GEDURENDE DIE 2014/2015 UITVOERSEISOEN BY TE WOON**

**DATUM: 1 OKTOBER 2014, MPUMALANGA PARKS BOARD, NELSPRUIT, TYD: 09:00**

Sitrusprodusente, uitvoerders en rolspelers betrokke by uitvoere na China, EU, Iran, Japan, Republiek van Korea, Thailand en VSA word uitgenooi en aangemoedig om die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) se jaarlikse sitrus koördineringsvergadering by te woon wat op 1 Oktober 2014 by die **Mpumalanga Parks Board Ouditorium, Halls's Gateway op die N4 Nasionale Pad, Nelspruit** gehou gaan word. Al die reëlings en vereistes vir die 2014/2015 uitvoerseisoen gaan gefinaliseer en verduidelik word soos gebaseer op die Suid-Afrikaanse sitrus-uitvoerprogramme. Neem asseblief kennis dat suksesvolle uitvoer van vrugte afhanklik is van die nakoming van die vereistes van die invoerland, en voldoening aan die vereistes begin in die boord. Die relevante uitvoerprotokolle is by die volgende skakel beskikbaar: "* **http://www.daff.gov.za*** Branches: Agricultural Production, Health & Food Safety Branch *Plant Health *Exporting from SA *Special Export Protocols/Programmes/Directives".

Verteenwoordigers van DAFF se Direktoraat: Plantgesondheid, Inspeksiedienste, en Voedselveiligheid en Gehalteversekering en die Suid-Afrikaanse Sitrusbedryf, asook sleutel rolspelers sal die afgelope uitvoerseisoen bespreek met die doel om die uitvoerprosedures verder te verfyn en om vir die volgende sitrus uitvoerseisoen (2014/2015) te beplan. Alle nuwe ontwikkelinge sal ook deel van die agenda wees.

Verdere inligting kan verkry word van Me Rejoice Muavhi, Tel: +27 12 319 6538, E-pos RejoiceM@daff.gov.za, OF Me Juliet Maja, Tel: +27 12 319 6178, E-pos: JulietM@daff.gov.za, OF Mnr. Patrick Magadani Tel. +27 12 319 6235, E-pos: PatrickMag@daff.gov.za, OF Me Elelwani Mugabi, Tel: +27 319 6067, E-pos: ElelwaniM@daff.gov.za, OF Mnr. Tshivhidzo Sikhwari, Tel: +27 319 6294, E-pos: TshivhidzoS@daff.gov.za, Faks: +12 319 6580 OF 6101.

**PhytClean Projek**: Hierdie projek gaan oor die skepping van 'n sentrale databasis en om hierdie gestandardiseerde databasis elektronies te deel om die fitosanitêre sertifisering van SA sitrusuitvoere te ondersteun. Met gestandardiseerde kode konvensies (bv kode vir variëteite, boorde, besendings, ens), 'n sentrale bron van inligting (databasis) beskikbaar en deur die gebruik van 'n geïntegreerde benadering (bv 'n sisteem wat die hele proses ondersteun wat regdeur gaan van sertifisering van die PUC- en boord registrasie tot die verskeping van die besending) hoop die PhytClean projek om die SA sitrus voorsieningsketting meer kompeterend te maak en die vereistes van die handelsvennote na te kom. 'n Projekspan van produsente, pakhuise, uitvoerders, PPECB, DAFF: FSQA, DAFF: PH, DAFF: IS en DAFF: ITC werk aan hierdie konsep sedert Maart 2014 maar dit is nou die tyd om insette en kommentaar van alle betrokke belanghebbendes te versamel. Vir hierdie doel gaan 'n werkswinkel op die 1ste Oktober 2014 (na die DAFF koördineringsvergadering) in Nelspruit gehou word. Belangrike besonderhede van die werkswinkel: **1ste Oktober 2014. Mpumalanga Parks Board Ouditorium, Nelspruit @14:00. Alle belanghebbendes moet dit asseblief bywoon!!**

**GEPAK EN VERSKEEP**

| Tot Week 35 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2012 | 2013 | 2014 | 2013 | 2014 | 2014 | 2014 | 2013 |
| Pomelo's | 13.1 m | 17.9 m | 15.3 m | 16.8 m | 14.3 m | 16.5 m | 14.9 m | 17.9 m |
| Sagte Sitrus | 7.3 m | 7.9 m | 9.5 m | 7.6 m | 8.8 m | 9.2 m | 10.1 m | 8.4 m |
| Suurlemoene | 10.0 m | 10.2 m | 12.9 m | 10.1 m | 12.7 m | 12.1 m | 12.8 m | 10.6 m |
| Nawels | 24.4 m | 25.2 m | 25.3 m | 25.2 m | 25.3 m | 25.8 m | 24.5 m | 25.4 m |
| Valencias | 31.7 m | 34.3 m | 34.3 m | 24.1 m | 24.0 m | 49.5 m | 48.1 m | 51.4 m |
| Totaal | 86.5 m | 95.5 m | 97.3 m | 83.8 m | 85.1 m | 113.1 m | 110.4 m | 113.7 m |